

# Hoe bestudeer ek die Bybel?

*There is nothing in the law of God that will rob you of happiness; it only denies you that which would cost you sorrow. –C.H. Spurgeon*

## Hoe bestudeer ek die Bybel?

Ons gaan voort met die reeks van Mel Lawrenz.

Die rede waarom ons die Bybel bestudeer is om ons band met ons Skepper sterker te maak. Hy het met ons deur die profete en apostels gepraat. Ons versterk hierdie band deur die ware betekenis van die teks te soek. Dit kan ons slegs doen as ons eers die geheel ondersoek het voordat ons na die dele kyk.

Die basies blok van betekenis is die individuele boek. Hierdie boeke het verskillende vorms – geskiedenis (Josua), 'n versameling van profetiese uitsprake (Jesaja), 'n versameling van gedigte en liedere vir aanbidding (Psalms), die verkondiging van die evangelie (Lukas), 'n persoonlike brief en 'n beskrywing van 'n visie van die geskiedenis en toekoms (Openbaring).

As ek 'n boek in die Bybel bestudeer moet ek die volgende verstaan:

1. Die historiese agtergrond van die boek. Die eerste vyf boeke van die Bybel is geskryf om vir die Israëliete 'n visie van wie hulle is te gee. Klaagliedere se oorsprong is die verlies en vernedering van die ballingskap. Openbaring se oorsprong is 'n tyd van erge vervolging. So kan ons na al die boeke kyk. Hierdie

historiese agtergrond help ons om die betekenis van die teks beter te verstaan.

2. Die kultuuragtergrond van die boek. Hiermee bedoel ons hulle gebruike, taal, kuns, leefwyse en wat hulle geglo het. Kultuur is baie ingewikkeld. Die skrywers het geskryf in 'n besondere kultuur en ons moet hierdie kultuur verstaan om die teks te verstaan. Die Jode beweeg in Kanaän en die stryd tussen die twee kulture staan vir baie eeue sentraal in die verhaal van die Bybel. Ons moet die afgodsdienste en belang van stamme in hierdie tyd verstaan. 1 Korintiërs verwag dat ons iets van die sosiale onsedelikheid van die Griekse kultuur moet verstaan.
3. Die geografiese plasing van die boek. Ons moet verstaan dat Ezechiël tydens die ballingskap in Babilonië geskryf is. Boeke vanuit 'n plattelandse gebied gebruik plattelandse beelde en dié geskryf vanuit stede gebruik stedelike taal en vergelykings.
4. Die politieke agtergrond van die boek. Boeke afkomstig uit 'n sterk ryk soos tydens die bewind van Dawid en Salomo het een stel bekommernisse. Boeke geskryf tydens oorloë het 'n ander perspektief. Dié geskryf uit ballingskap het die perspektief van dié wat verslaan en onderdruk is.

Watter stappe moet ons neem om die Bybelse boeke as eenhede te benader?

- Lees 'n eenvoudige inleiding tot die boek – soos ons dit in studiebybels en Bybelse handboeke kry.
- Lees die hele boek deur – vergeet van hoofstukke en verse. Hulle is in ieder geval eers eeue later bygevoeg.
- Maak notas. Die vrae wat jy het; stellings wat jou verbaas, woorde wat herhaal word, die oorgange wat vloei in die boek wys, die hoofpunte en die passie en bekommernisse van die skrywer.

- Maak 'n lys van die hoofdele van die boek – jou persoonlike persepsie van die vloei en struktuur van die boek.
- Lees 'n meer gedetailleerde agtergrond – 'n kommentaar of 'n artikel in 'n Bybelensiklopedie.
- Gaan terug en lees weer die hele boek. Jy tel elke keer iets nuuts op.

Om die hele boek te lees verhoed dat ons fragmentaries lees. 'n "Vers-'n-dag" sal nooit die betekenis duidelik maak nie. Ons moet die geheel sien.